# Northern Thai Missions
## Potch Uitreikspan se Getuienisse

Januarie 2012

### *Stephan le Roux (leier)*

Elke jaar se ek dit is my laaste jaar in Thailand, maar diep binne in my hart weet ek dat elke keer as ek weer die geleentheid kry om Thailand toe te gaan, ek dit sal aangryp sonder om twee keer daaroor te dink. Die plek, die mense en die kinders het regtig so diep in my hart ingekruip dat dit die res van my lewe deel van my sal wees. Die verhoudings wat ek oor die laaste drie jaar opgebou het, sal ek vir niks anders in die wereld wil verruil nie. My hoogte punt hierdie jaar was verseker toe ons die "Karen hill tribe" mense gaan besoek het. Daar het iets onbeskryfliks in my hart gebeur toe ons saam met 'n paar Christene in die "village" geloop, gebid en gesing het van huis tot huis. Die Here het verseker 'n hart vir die Thai nasie en my wens is dat ons as span hulle sou kon help om dit te sien.

### *Elanie van den Berg*

In hierdie kort maand het die Here vir my soveel verskillende goed kom wys. Die mees belangrikste egter wat ek geleer het, is hoe bevoorreg ons is in terme van gesondheid, lewens omstandighede en ons geloof in God. Die Here het my oe kom oopmaak wat dit verg om in so 'n "donker" land te leef. Maar dit was ook 'n besondere ervaring om te beleef hoe die Here elke dag werk hier in Thailand in die harte van die Thais en dit was die hoogte punt vir my gewees - nie 'n spesifieke dag of aktiwiteit nie maar om te sien hoe die Here werk met individue - met die jong en die ou mense. Nog iets wat baie spesiaal was, was om te sien hoe sterk die Thai Christene in hulle geloof is. Maar net soos dit vir ons belangrik is om siele vir Christus te wen, net so moet dit ook vir ons belangrik wees om ander persone aan te moedig om te bid vir die persone wat in Thailand agterbly. Prys die Here saam met ons vir 'n geseende tyd in Thailand en hoe Hy ons versorg het en na ons omgesien het deur al die persone wat ons met oop arms verwelkom het.

### *Janine van der Bank*

Hierdie maand was beslis vir my een van die waardevollste maande van my lewe. Voor die uitreik was almal bang a.g.v. die vloede en al die dinge rondom die vloede wat in Thailand gebeur het. Die Here het net keer op keer vir ons kom se om nie bang te wees nie. Hy't ons beloftes kom gee dat Hy ons sal seen en beskerm en Hy't elke belofte nagekom. Die Here het elke oomblik hier geseen meer as wat ons kon dink. Vir my was die hoogtepunt die kinders. Dit was die rede waarom ons gekom het. Maar elke Thai mensie wat oor ons pad gekom het was ook 'n hoogte punt. Ek sou nooit in 'n miljoen jaar gedink het dat ek tussendeur die vreemde kultuur en onverstaanbare taal so geheg raak aan so 'n klomp mense nie, maar 'n mens kon dit nie help nie. Ek het weer besef dat die liefde so opreg moet wees want jy kan niemand oorreed van jou liefde vir hulle deur woorde nie, omdat hulle nie ons taal praat nie. Dit was bloot liefde wat oorgedra kon word deur drukkies, glimlaggies of vat aan die handjie. Hoe meer liefde 'n mens oorgedra het, hoe meer het jy terug gekry. Ek gaan elke gesiggie en drukkie en blommetjie of 'n nat geswete swietie van kind wat sy enigste vir jou wil gee so baie mis! Maar ek sal dit altyd saam met my vat in my hart en my memories wat ek hier gekry het. Die ervaring het my kom wys hoe 'n mens werklik kan lief he, onbaatsugtig en honderd persent opreg. Die Here het dit net vir my kom oopmaak dat hoeveel meer Hy, ons Hemelse pa, nie vir ons wil gee en hoeveel meer Hy ons lief het nie. Dit is onbeskryflik. Ek sal hierdie ervaring nooit vergeet nie. Dankie Here vir die geleentheid. Ek het U lief.

## *Tiaan Viljoen*

**My hoogtepunt van die uitreik was die nuwe Christen kinders en onderwysers wat die Here aan ons kom openbaar het. Ek is baie opgewonde in my hart om te weet dat Rynier nog Christene bygekry het om mee te werk en hulle te kan bemoedig. My ander hoogtepunt was ook toe ons saam met die "Karen hill tribe" mense gebid en gesing het oor die kerstyd. Dit was 'n blessing om hulle te kon seen en so ook elke huis in daardie village wat nog nie Christene is nie. Dit was vir my 'n voorreg om 'n saadjie te kon plant by elke plek en skool waar ons betrokke was en ek vertrou dat die Here wonderwerke in die mense se lewens gaan laat gebeur. Die Here het my op die uitreik geleer om net te "let go" en alles in Sy hande te laat en volle vertroue in Hom te stel. "Gee alles oor aan die Here en Hy sal jou wee gelyk maak". Die Here het my geleer om te "worry" en alles net die heeltyd te wil beplan, kan maak dat ek partykeer van Hom vergeet en alles self wil regkry. Die uitreik het my ook geleer om meer my eie hart te ondersoek en te kyk wat binne my aangaan voor ek wil oordeel en optree. Ek het nog meer gedult ontvang en geleer hoe om saam met boeties en sussies die woord van die Here te verkondig. Ek gee al die eer aan die Here vir die uitstekende lewens ervaring en dat Hy 'n verskil in my lewe ook kon maak.**

## *Wilna Dreyer*

**My hoogtepunt van die uitreik was op 29/12/2011 toe ons almal 'n afskeidsete saam met Mr. P. (Adjarn Prasert) gehad het. Aan tafel het hy gese dat hy dink God het dit vir sy lewe beplan dat die groepe van Suid-Afrika elke jaar Thailand toe kom en dat hy hulle sal help om die Here se naam te verkondig. Mr. P. is nog 'n Boeddhis en dit beteken net vir my baie, want elke jaar kom hier 'n groep en dit is moeilik om altyd te kan sien of ons die kinders se lewens verander of nie. Tog kan ons 'n familie se lewens verander en hulle laat besef wie en wat God is. Ek glo ook dit is God se plan met Mr.P. se lewe en dat hy stadig aan Mr.P. se hart werk. Ek glo ook dat God sy vrou Mrs. Panee gaan genees. God het met hierdie uitreik net Homself weer aan my ge-openbaar en vir my gewys hoe groot en almagtig Hy is. Partykeer leef jy net in jou eie klein boksie, maar hier in Thailand is mense wat anders lyk, praat en eet, maar God het hulle almal ook lief. Dit wys net weereens dat God 'n God van liefde is en dat die wereld masief is wat Hy geskape het en dat Hy elke mens op aarde lief het. Partykeer besef jy nie hoe groot God regtig is nie en soms moet jy uit jou "comfort zone" gehaal word om dit te besef.**

## *Simone' Bezuidenhout*

**"Faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see". Die heel eerste aand wat ons in Chiangmai aangekom het, het ek op die Bybelvers afgekom en in die drie weke in Chiangmai het dit vir my alhoemeer begin betekenis kry, omdat die dinge wat ons in Thailand doen nie dadelik resultate wys nie. Ons moes weet dat die uitreik daaroor gaan om 'n verhouding te bou met die mense en daardeur hulle vertroue te wen en vir hulle liefde te gee. Die "Karen hill tribe" was verseker die mees geestelike ervaring vir my, omdat daardie kinders net liefde gesoek het en om te sien hoe hulle as 'n klein "gemeenskap"kan saam staan, het my verbaas. Ek het weereens besef dat om jou naaste lief te he soos jouself, vir 'n rede God se grootste gebod is.**